Leef saam
HUISGELOOF

## WELKOM

Speel die "asseblief-speletjie" saam. Dit werk dieselfde as "Simon sê". Een persoon gaan 'n paar opdragte uitroep wat die res van die groep moet uitvoer. Die opdragte moet net uitgevoer word as die persoon "asseblief" sê, anders moet die ander persone in die groep stilstaan.

Hier is 'n paar voorbeelde:

- Klap *asseblief* julle hande. (Hulle moet dit doen.)
- Spring een keer. (Hulle moet dit nie doen nie.)
- Draai *asseblief* een keer in die rondte. (Hulle moet dit doen.)
- Raak jou tone. (Hulle moet dit nie doen nie.)

Dit is nie altyd maklik om te luister nie; tog is dit dikwels belangrik om op te let na presies wat gesê word.

Vandag gaan julle 'n verhaal lees waar Adam en Eva nie mooi geluister het nie. Hulle het die één ding gedoen wat hulle nie moes doen nie.

## WONDER

Lees Genesis 3:1-24 saam.

Gesels saam:

- Hoekom dink julle het Adam en Eva van die vrugte van die boom van goed en kwaad geëet?
- Wat doen julle wanneer julle besef julle het 'n fout gemaak?
- God stuur vir Adam en Eva uit die tuin; hulle moet die gevolge van hulle dade dra. Maar God se vergifnis en herstel begin dadelik. Wat beteken dit vir julle dat niks van ons foute groot genoeg is dat God ons sal los nie?
- Hoe ondersteun julle mekaar wanneer julle foute maak?

## WEES

Teken die buitelyne van twee bome op 'n skoon vel papier. Skryf bokant die een boom "boom van die lewe" en bokant die ander een "boom van kennis van goed en kwaad". Skryf of teken binne die boom van die lewe hoe keuses lyk wat 'n mens help om volgens die Here se wil te leef. Skryf of teken dan binne die boom van kennis van goed en kwaad keuses wat 'n mens hiervan weerhou.

## WEGSTUUR

Sit julle prent van die bome op ’n plek waar julle dit gedurende die week gereeld gaan sien. Julle kan dit selfs oorweeg om ’n boom te plant of ’n bonsaiboompie te koop wat julle aan hierdie verhaal herinner.